"aanstootlike afval" afval wat toksies, aanmeldbaar volgens wetgewing, of gevaarlik is, of 'n onmiddellike gesondheids- of omgewingsgevaar daarstel, of wat nie in 'n munisipale of publieke rioolstelsel volgens wetgewing gestort mag word nie, insluitende voedselafval, besmette mediese afval, veeartsenykundige afval, ontlastingsowwe, giftige materiaal of enige voorwerp besmet deur giftige stowwe;"

(2) deur in die woordomskrywing van "huisafval" na die woord "hospitaal" die uitdrukking "(afstootlike afval uitgesluit)" in te voeg;

(3) deur die volgende na die woordomskrywing van "geslote kompaksie-tipe houer" in te voeg:
 "lang gras of onkruid" beteken 'n gras of onkruid waarvan die lengte meer as 120 mm is;"

(4) deur die woordomskrywing van "mobiele houer" deur die volgende te vervang: -
 "mobiele houer" 'n houer met 'n maksimum kapasiteit van 240 liter, toegerus met wiele en voorsien vir die verwydering van huishoudelike en besigheidsafval;" en

(5) deur die volgende na die woordomskrywing van "Raad" in te voeg:
 "vullisbergingssterrein" 'n terrein spesifiek voorsien vir die berging van vullishouers en bykomende vullis, die area en spesifikasies soos vasgestel deur die Hoof: Gesondheidsdienste;"

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1588

TOWN COUNCIL OF BEDFORDVIEW
AMENDMENT TO CLEANSING SERVICES BY-LAWS

The Chief Executive/Town Clerk of Bedfordview hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), published the by-laws set forth hereinafter.

The Cleansing Services By-laws of the Town Council of Bedfordview, published under Administrator's Notice No. 544 dated 19 April 1978, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By amending Chapter 1—

(1) by the insertion in the definition of "domestic refuse" after the word "hospitals" of the expression "(excluding offensive refuse)";

(2) by the substitution for the definition of "mobile container" of the following:

"mobile container" means a container with a maximum capacity of 240 litres, provided with wheels and intended for the removal of domestic and business refuse;"

(3) by the insertion of the following definition after the definition of "occupier":

"offensive refuse" means refuse which is toxic, notifiable under any legislation, or dangerous, or creates an immediate health or environmental hazard, or which may not be released into a municipal or public sewer in terms of any legislation and includes food waste, polluted medical waste, veterinary waste, excreta, poisonous material or any object contaminated by poisonous substances;" and

(4) by the insertion after the definition of "public place" of the following:

"refuse storage area" means an area specifically set aside for the storage of refuse containers and additional refuse, the area specifications of which are to be determined by the Chief: Health Services; and

"tall grass or weeds" means grass or weeds the length of which is more than 120 mm."

2. Deur Hoofstuk 2 te wysig—

- (1) deur in artikel 2 (3) die uitdrukking "of aanstootlike afval" na die uitdrukking "besigheids- of huisafval" in te voeg;
- (2) deur in artikel 2 (4) die uitdrukking "of aanstootlike afval" na die uitdrukking "huis- of besigheidsafval" in te voeg;
- (3) deur in artikel 3 die uitdrukking "of aanstootlike afval" na die uitdrukking "besigheids- of huisafval" in te voeg; en
- (4) deur in artikel 4 (4) die voorbehoudsbepaling te skrap.

3. Deur die volgende na Hoofstuk 6 in te voeg:

"HOOFSTUK 7**AANSTOOTLIKE AFVAL****Kennisgewing van die ontstaan van aanstootlike afval**

14. (1) Die okkupant van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad sonder verwyf in kennis stel van die samestelling, die volume gegeneer, wyse van berging en die beoogde wyse en frekwensie van wegdoening daarvan.

(2) Die kennisgewing waarna in subartikel (1) verwys word, moet, indien die Raad dit vereis, bevestig word deur 'n chemiese analise wat as korrek gesertifiseer is deur 'n toepaslik gekwalifiseerde chemiese analis of ander persoon wat deur die Raad aangewys is.

(3) Die Raad of sy gevolmagtigde mag, onderworpe aan die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, enige perseel te enige tyd betree—

- (a) ten einde die moontlike bestaan van aanstootlike afval op sodanige perseel te ondersoek;
- (b) ten einde monsters van enige afval op die perseel te neem en te verwyder;
- (c) ten einde die samestelling van enige afval wat op die perseel gevind is, te ontleed.

(4) Indien enige verandering in die samestelling of hoeveelheid van aanstootlike afval voorkom nadat kennis soos beoog in subartikels (1) en (2) reeds gegee is, sal die bepalings van subartikel (1) *mutatis mutandis* van toepassing wees.

Berging van aanstootlike afval

15. (1) Die persoon waarna in artikel 14 (1) verwys word, sal verantwoordelik wees vir die behoud en berging van enige aanstootlike afval op die perseel tot tyd en wyl dit verwyder is ingevolge artikel 16.

(2) Aanstootlike afval wat op enige perseel geberg word, moet op so 'n wyse geberg word dat dit nie 'n oorlas of gesondheidsgevaar sal skep of die omgewing sal besoedel nie.

(3) (a) Indien aanstootlike afval wat op enige perseel gegeneer is, nie op daardie perseel ingevolge die bepalings van subartikel (2) geberg word nie, kan die Raad die eienaar of okkupant van die perseel of beide aansê om die aanstootlike afval binne 'n tydperk soos deur die Raad bepaal te verwyder.

(b) Indien die aanstootlike afval waarna in paragraaf (a) verwys word, nie binne die neergelegde tydperk verwyder is nie, sal die persoon wat aangesê is om dit te verwyder skuldig wees aan 'n misdryf en het die Raad die reg om sodanige aanstootlike afval op die koste van hetsy die eienaar of okkupant te verwyder.

Verwydering van aanstootlike afval

16. (1) Geen persoon mag, sonder die skriftelike toestemming van die Raad of sonder dat die Raad hom daartoe aangesê het, enige aanstootlike afval verwyder of wegdoen van die perseel waarop dit gegeneer is, of toelaat dat dit verwyder of weggedoen word nie.

(2) Die Raad kan enige voorwaarde wat doenlik geag word by die toestemming onder subartikel (1) verleen, op lê met betrekking tot die volgende aangeleenthede:

- (a) Die samestelling van die aanstootlike afval;
- (b) die geskiktheid van die voertuig en houër wat gebruik word;
- (c) die voorgenome stortingssterrein;
- (d) die stortingskapsule waarin die aanstootlike afval weggedoen word en enige ander metode, wat aangewend moet word om die aanstootlikheid van die afval tot 'n goedgekeurde vlak te verlaag;

2. By amending Chapter 2—

- (1) by the insertion in section 2 (3) after the expression "business or domestic" of the expression "or offensive";
- (2) by the insertion in section 2 (4) after the expression "domestic or business" of the expression "or offensive";
- (3) by the insertion in section 3 after the expression "business refuse or domestic" of the expression "or offensive"; and
- (4) by the deletion in section 4 (4) of the proviso.

3. By the addition after Chapter 6 of the following:

"CHAPTER 7**OFFENSIVE REFUSE****Notice of generation of offensive refuse**

14. (1) The occupier of a site on which offensive refuse is generated must immediately inform the Council regarding its composition, the volume generated, the manner of storage and the intended manner and frequency of disposal thereof.

(2) The notice referred to in subsection (1) must, if the Council so requires, be corroborated by a chemical analysis certified as correct by an appropriately qualified chemical analyst or other person appointed by the Council.

(3) The Council or a person authorized thereto by the Council may, subject to the provisions of the Local Government Ordinance, 1939, enter any premises at any time—

- (a) in order to investigate the possible existence of offensive refuse on such premises;
- (b) in order to take and remove samples of any refuse from the premises;
- (c) in order to analyse the composition of any refuse found on the premises.

(4) Should any change in the composition or volume of offensive refuse occur subsequent to a notice in terms of subsection (1) and (2), the provisions of subsection (1) shall apply *mutatis mutandis*.

Storage of offensive refuse

15. (1) The person referred to in section 14 (1) shall be responsible for the retention and storage of any offensive refuse generated on the premises, until such time as it is removed in terms of section 16.

(2) Offensive refuse stored on any premises shall be stored in such a manner that it does not cause a nuisance, pollute the environment or create a health hazard.

(3) (a) Should offensive refuse generated on any premises not be stored thereon in accordance with the provisions of subsection (2), the Council may direct the owner or occupier of the premises, or both, to remove such offensive refuse within a period stipulated by the Council.

(b) Should the offensive refuse referred to in paragraph (a) not be removed within the period stipulated, the person directed to remove it shall be guilty of an offence, and the Council shall be entitled to remove such offensive refuse at the cost of either the owner or occupier.

Removal of offensive refuse

16. (1) No person shall, without the written permission of the Council having been obtained or without having been directed thereto by the Council, remove or dispose of any offensive refuse from the premises on which it is generated, or cause it to be removed or disposed of.

(2) The Council may stipulated any condition it deems appropriated to the permission mentioned in subsection (1), in respect of the following:

- (a) The composition of the offensive refuse;
- (b) the suitability of the vehicle and the container to be used;
- (c) the intended disposal site;
- (d) the disposal capsule in which the offensive refuse is to be disposed of and any other method, required to lower the offensiveness or toxicity of the refuse to an approved level;

- (e) voorlegging van bewyse aan die Raad dat die maatreëls in paragraaf (d) hierbo en die vorige wegdoening van die aanstootlike afval, nagekom is; en
- (f) die vervoer van die aanstootlike afval op paaie sonder dat dit 'n oorlas veroorsaak.

(3) Die Raad sal nie toestemming ingevolge subartikel (1) verleen nie tensy die Raad oortuig is dat die persoon wat sodanige toestemming verlang, bevoeg is om sodanige aanstootlike afval te verwyder en toegang het tot die nodige toerusting vir die verwydering daarvan en dat sodanige persoon kan voldoen aan die neergelegde voorwaardes.

(4) Die persoon waarna in artikel 14 (1) verwys word, moet so gereeld soos deur die Raad vereis word, die Raad inlig rakende die verwydering van aanstootlike afval, die identiteit van die persoon wat dit verwyder, die datum van verwydering sowel as die volume en samestelling van die aanstootlike afval wat sodanig verwyder is, met inagneming van die inligting wat aan die Raad verskaaf moet word ingevolge artikel 14 (1)."

- 4. Deur Hoofstukke 7, 8 en 9 onderskeidelik te hernoem 8, 9 en 10.
- 5. Deur artikels 14 tot en met 24 onderskeidelik te hernoem 17 tot en met 27.
- 6. Deur in artikel 21 die syfer "17" in die eerste reël deur die syfer "20" te vervang.
- 7. Deur in artikel 26 die syfer "16(3)" in die vierde reël deur die syfer "19(3)" te vervang.
- 8. Deur die volgende na artikel 27 by te voeg:

"Skoon en netjies hou van persele

28. (1) Die eienaar of okkupant van enige perseel moet dit skoon en vry van vullis, puin, rommel, glas, papier, lappe, kanne, plastiek, onkruid of struikgewasse wat moontlik 'n oorlas kan vorm of nadelig vir die gesondheid of 'n verleentheid vir die inwoners van die buurt kan wees, hou.

(2) Die eienaar of okkupant van enige perseel moet dit skoon, netjies en vry van lang gras en onkruid, hou."

A. J. KRUGER,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Posbus 3, Bedfordview, 2008.

18 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 2/1993)

- (e) the submission of proof to the Council that the measures stipulated under paragraph (d) above as well as of the previous disposal thereof have been complied with; and
- (f) the transportation of the offensive refuse in streets without causing a nuisance.

(3) The Council shall not grant permission in terms of subsection (1) unless it is convinced that the person requesting such permission is capable of removing such offensive refuse and has access to the equipment required for the removal thereof, and that such person is able to comply with the conditions so stipulated.

(4) The person referred to in section 14 (1) shall, as frequently as required by the Council, inform the Council regarding the removal of offensive refuse, the identity of the person who removes it, the date of removal, as well as the volume and composition of the offensive refuse thus removed, regard also being given to the information to be supplied to the Council in terms of section 14 (1)."

- 4. By the renumbering of Chapters 7, 8 and 9 to read 8, 9 and 10 respectively.
- 5. By the renumbering of section 14 to 24 inclusive to read 17 to 27 respectively.
- 6. By the substitution in the second line of section 21 for the figure "17" of the figure "20".
- 7. By the substitution in the first line of section 26 for the figure "16(3)" of the figure "19(3)".
- 8. By the addition after section 27 of the following:

"Keeping premises clean and tidy

28. (1) The owner or occupant of any premises shall keep it clean and free from filth, debris, rubbish, glass, paper, rags, tins, plastic, weeds or undergrowth which is likely to become a nuisance or injurious to health or to cause an annoyance to the inhabitants of the neighbourhood.

(2) The owner or occupant of any premises shall keep his premises neat, tidy and free of long grass and weeds."

A. J. KRUGER,
Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, P.O. Box 3, Bedfordview, 2008.

18 May 1994.

(Notice No. 2/1993)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1589

STADSRAAD VAN BEDFORDVIEW

BYLAE 3

[Regulasie 7 (1) (a)]

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Bedfordview gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a), saamgelees met artikel 18, van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningskema bekend te staan as Bedfordview-dorpsbeplanningskema, 1994, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat 'n voorstel om die Bedfordview-dorpsaanlegskema, 1948, van toepassing op uitbreidings van Bedfordview, Bedford Gardens, Malvern-Oos, Morninghill, Oospoort, Oriël, Geldenhuis Estate Small Holdings en daardie gedeeltes van die plaas Elandsfontein 90 IR, geleë binne die grense van Bedfordview-dorpsbeplanningskema, 1948, en die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsbeplanningskema, 1958, en slegs daardie deel van die genoemde skema van toepassing op uitbreidings van Bedfordpark, Essexwold, St Andrews, Senderwood en daardie gedeeltes van die plaas Bedford 62 IR en 68 IR, geleë binne die munisipale grense van Bedfordview, te vervang.

Die ontwerp skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 217, Hawleyweg, Bedfordview, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 18 Mei 1994.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1589

TOWN COUNCIL OF BEDFORDVIEW

SCHEDULE 3

[Regulation 7 (1) (a)]

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The Town Council of Bedfordview hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a), read with section 18, of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Bedfordview Town-planning Scheme, 1994, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme that proposes to replace the Bedfordview Town-planning Scheme, 1948, applicable to the suburbs of Bedfordview, Bedford Gardens, Malvern East, Morninghill, Oospoort, Oriël, Geldenhuis Estate Small Holdings and all portions of the farm Elandsfontein 90 IR, situated within the boundaries of the Bedfordview Town-planning Scheme, 1948, as well as the Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, and only that section of the said scheme applicable to the suburbs of Bedfordpark, Essexwold, St Andrews, Senderwood and those portions of the farm Bedford 62 IR and 68 IR, situated within the municipal area of Bedfordview.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Planner, Room 217, Hawley Road, Bedfordview, for a period of 28 days from 18 May 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf en insluitende 18 Mei 1994 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 3, Bedfordview, 2008, ingedien of gerig word.

A. J. KRUGER,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Hawleyweg 3, Bedfordview, 2008.

(Kennisgewing No. 15/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1590

STADSRAAD VAN BOKSBURG

VASSTELLING VAN GELDE: VERWYDERING VAN STRAAT-BOME EN PLANTAARDIGE GEWASSE: WYSIGING VAN TARIIEWE

Dit word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Boksburg ingevolge 'n spesiale besluit van die Raad geneem op 20 April 1994 van voorneme is om sy tariewe met betrekking tot verwydering van straatbome en plantaardige gewasse ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wysig en dat sodanige wysigings ingevolge artikel 80B (1) (c) van die vermelde Ordonnansie op 1 Mei 1994 in werking tree.

'n Afskrif van die bovermelde besluit van die Raad en besonderhede van die beoogde wysiging van die tariewe met betrekking tot verwydering van straatbome en plantaardige gewasse is gedurende kantoorure by Kamer 224, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* nl. 18 Mei 1994 ter insae beskikbaar.

Enige persoon wat beswaar teen die beoogde wysiging wil aanteken moet binne 14 dae na publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* nl. 18 Mei 1994 sy beswaar skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk indien.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

18 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 70/1994)

(1/2/3/54)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1591

STADSRAAD VAN BOKSBURG

MUNISIPALE SWEMBADDENS: WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE

Dit word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Boksburg ingevolge 'n spesiale besluit van die Raad geneem op 20 April 1994 van voorneme is om sy tarief van gelde met betrekking tot munisipale swembaddens ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wysig en dat sodanige wysigings ingevolge artikel 80B (1) (c) van die vermelde Ordonnansie op 1 September 1994 in werking tree.

'n Afskrif van die bovermelde besluit van die Raad en besonderhede van die beoogde wysiging van die tarief van gelde met betrekking tot munisipale swembaddens is gedurende kantoorure by Kamer 224, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* nl. 18 Mei 1994 ter insae beskikbaar.

Enige persoon wat beswaar teen die beoogde wysiging wil aanteken moet binne 14 dae na publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant*, nl. 18 Mei 1994 sy beswaar skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk indien.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

18 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 71/1994)

(1/2/3/1)

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 3, Bedfordview, 2008, within a period of 28 days from and including 18 May 1994.

A. J. KRUGER,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, 3 Hawley Road, Bedfordview, 2008.

(Notice No. 15/1994)

18-25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1590

CITY COUNCIL OF BOKSBURG

DETERMINATION OF CHARGES: REMOVAL OF STREET TREES AND VEGETATION: AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given that the City Council of Boksburg in pursuance of a special resolution of the Council adopted at its meeting held on 20 April 1994 intends amending its tariffs of charges relating to removal of street trees and vegetation in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, and that such amendment will in terms of section 80B (1) (c) of the said Ordinance come into effect on 1 May 1994.

A copy of the Council's resolution and details of the proposed amendment to the tariffs of charges relating to removal of street trees and vegetation will be available for perusal in Room 224, Second Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette* i.e. 18 May 1994.

Any person wishing to object to the proposed amendment must lodge his objection with the Chief Executive/Town Clerk in writing within 14 days from publication of this notice in the *Provincial Gazette* i.e. 18 May 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

18 May 1994.

(Notice No. 70/1994)

(1/2/3/54)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1591

CITY COUNCIL OF BOKSBURG

MUNICIPAL SWIMMING-POOLS: AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES

Notice is hereby given that the City Council of Boksburg in pursuance of a special resolution of the Council adopted at its meeting held on 20 April 1994 intends amending its tariff of charges of municipal swimming-pools in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, and that such amendment will in terms of section 80B (1) (c) of the said Ordinance come into effect on 1 September 1994.

A copy of the Council's resolution and details of the proposed amendment to the tariffs of charges of municipal swimming-pools will be available for perusal in Room 224, Second Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette* i.e. 18 May 1994.

Any person wishing to object to the proposed amendment must lodge his objection with the Chief Executive/Town Clerk in writing within 14 days from publication of this notice in the *Provincial Gazette* i.e. 18 May 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

18 May 1994.

(Notice No. 71/1994)

(1/2/3/1)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1592**STADSRAAD VAN BOKSBURG****WYSIGING VAN VERORDENINGE: MUNISIPALE
SWEMBADDENS**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Boksburg van voorneme is om die Munisipale Swembadverordeninge, soos afgekondig by Plaaslike Bestuurskennisgewing 3856 van 31 Oktober 1990, te herroep en nuwe Swembadverordeninge as Verordeninge van die Raad te aanvaar.

Die voorgestelde wysiging lê vanaf datum hiervan tot en met 3 Junie 1994 in Kamer 224, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Boksburg, ter insae en enige persoon wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil maak moet sy beswaar uiterlik op gemelde datum skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk indien.

J. J. COETZEE,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

18 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 73/1994)

(1/2/3/1)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1593**STADSRAAD VAN BOKSBURG****VOORGESTELDE PROKLAMERING VAN 'N PAD OOR 'N GEDEELTE (OPGEMEET AS GEDEELTE 1) VAN ERF 764, DORP ATLASVILLE-UITBREIDING 1**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 5 van die Local Authorities Roads Ordinance, 1904, dat die Stadsraad van Boksburg 'n versoekskrif aan die Administrateur gerig het om die openbare pad omskrif in bygaande Bylae te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif en toepaslike konsepdiagram lê vanaf die datum hiervan tot en met 1 Julie 1994 gedurende kantoor-ure ter insae in Kantoor 201, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg.

Alle belanghebbende persone word hiermee versoek om voor of op 1 Julie 1994 skriftelik en in tweevoud besware indien enige teen die proklamerings van die voorgestelde pad by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Tak Gemeenskapontwikkeling, Privaatsak X437, Pretoria, en die Stadsraad van Boksburg in te dien.

J. J. COETZEE,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Posbus 215, Boksburg, 1460.

(Kennisgewing No. 75/1994)

(15/3/3/92)

BYLAE**VOORGESTELDE PROKLAMERING VAN 'N PAD OOR 'N GEDEELTE (OPGEMEET AS GEDEELTE 1) VAN ERF 764, DORP ATLASVILLE-UITBREIDING 1**

'n Pad met wisselende wydte beginnende vanaf punt F op 'n konsepdiagram aangetoon, noordwaarts oor 'n afstand van 21,08 m; daarna in 'n noordoostelike rigting oor 'n afstand van 26,28 m; daarna ooswaarts oor 'n afstand van 11,40 m; daarna suidooswaarts oor 'n afstand van 11,00 m tot by die oostelike grens; daarna in 'n algemene suidelike rigting al langs die oostelike grens oor 'n afstand van 30,50 m; daarna suidweswaarts oor 'n afstand van 17,05 m tot by die suidelike grens en daarna weswaarts oor 'n afstand van 12,82 m tot by punt F. aangetoon op voormelde konsepdiagram, opgestel gedurende Maart 1994 deur landmeter S. de Bod.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1592**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****AMENDMENT OF BY-LAWS: MUNICIPAL SWIMMING-POOL
BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the City Council of Boksburg is of the intention to revoke the Swimming Bath By-laws, as published under Local Authority Notice 3856 of 31 October 1990, and to adopt a set of new by-laws as By-laws of the Council.

The proposed amendment will lie for inspection in Room 224, Second Floor, Civic Centre, Boksburg, from the date of this notice until 3 June 1994 and any person who wishes to object to the proposed amendment must lodge his objections with the Chief Executive/Town Clerk in writing not later than the said date.

J. J. COETZEE,
Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

18 May 1994.

(Notice No. 73/1994)

(1/2/3/1)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1593**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****PROPOSED PROCLAMATION OF A ROAD OVER A PORTION (SURVEYED AS PORTION 1) OF ERF 764, ATLASVILLE EXTENSION 1 TOWNSHIP**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, that the City Council of Boksburg has petitioned the Administrator to proclaim the public road described in the appended Schedule.

A copy of the petition and appropriate draft diagram can be inspected at Room 201, Second Floor, Civic Centre, Trichardtsweg, Boksburg, during office hours from the date hereof until 1 July 1994.

All persons interested are hereby called upon to lodge objections, if any, to the proposed proclamation of the proposed road in writing and in duplicate, with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Community Development Branch, Private Bag X437, Pretoria, and the City Council of Boksburg on or before 1 July 1994.

J. J. COETZEE,
Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, P.O. Box 215, Boksburg, 1460.

(Notice No. 75/1994)

(15/3/3/92)

SCHEDULE**PROPOSED PROCLAMATION OF A ROAD OVER A PORTION (SURVEYED AS PORTION 1) OF ERF 764, ATLASVILLE EXTENSION 1 TOWNSHIP**

A road of varying width from point F shown on a draft diagram, northwards over a distance of 21,08 m; thereafter in a north-eastern direction over a distance of 26,28 m; thereafter eastwards over a distance of 11,40 m; thereafter south-eastwards over a distance of 11,00 m up to the eastern boundary; thereafter in a generally southern direction along the eastern boundary over a distance of 30,50 m; thereafter south-westwards over a distance of 17,05 m up to the southern boundary and thereafter westwards over a distance of 12,82 m up to point F, shown on the aforementioned draft diagram, compiled by land-surveyor S. de Bod during March 1994.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1594**STADSRAAD VAN BOKSBURG****KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA**

Die Stadsraad van Boksburg gee hiermee ingevolge artikel 28 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanning-skema bekend te staan as Boksburg-wysigingskema 206 deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Erwe 889, 890, 891, 893 en 894, dorp Beyerspark-uitbreiding 31, van "Residensieel 1" en die sonering van Erf 969, dorp Beyerspark-uitbreiding 31, na "Residensieel 1" ten einde die digtheid van die voormelde erwe te verhoog na een woonhuis perk 500 m².

Die ontwerp-skema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, Kamer 202, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 18 Mei 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 18 Mei 1994 skriftelik by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 215, Boksburg, 1460, ingedien of gerig word.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum, Boksburg.

(Kennisgewing No. 76/1994)

(14/21/1/206)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1595**PLAASLIKE BESTUUR VAN BOKSBURG****KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGSGLYS AANVRA**

(Regulasie 5)

Kennis word hierby ingevolge artikel 12 (1) (a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie No. 11 van 1977), gegee dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjaar 1 Julie 1994 tot 30 Junie 1995 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Boksburg vanaf 18 Mei 1994 tot 22 Junie 1994 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys opgeteken, soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Belastingssaal, Grondvloer, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg.

18 Mei 1994.

25 Mei 1994.

(Kennisgewing No. 74/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1596**STADSRAAD VAN BRAKPAN****SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PARKERF 143, ANZAC-UITBREIDING 1**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 67 en 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om 'n gedeelte van Parkerf 143, Anzac-uitbreiding 1, permanent te sluit en te vervreem.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1594**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****NOTICE OF DRAFT SCHEME**

The City Council of Boksburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Boksburg Amendment Scheme 206 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

The rezoning of Erven 889, 890, 891, 893 and 894, Beyerspark Extension 31 Township, from "Residential 1" and the zoning of Erf 969, Beyerspark Extension 31 Township, to "Residential 1" in order to increase the density of the aforementioned erven to one dwelling per 500 m².

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Chief Executive/Town Clerk, Room 202, Second Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, for a period of 28 days from 18 May 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Chief Executive/Town Clerk at the above address or at P.O. Box 215, Boksburg, 1460, within a period of 28 days from 18 May 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Boksburg.

(Notice No. 76/1994)

(14/21/1/206)

18-25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1595**LOCAL AUTHORITY OF BOKSBURG****NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL**

(Regulation 5)

Notice is hereby given in terms of section 12 (1) (a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance No. 11 of 1977), that the provisional valuation roll for the financial year 1 July 1994 to 30 June 1995 is open for inspection at the office of the Local Authority of Boksburg from 18 May 1994 to 22 June 1994 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Chief Executive/Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll as contemplated in section 10 of the said Ordinance, including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom, or in respect of any omission of any matter from such roll, do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

Rates Hall, Ground Floor, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg.

18 May 1994.

25 May 1994.

(Notice No. 74/1994)

18-25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1596**TOWN COUNCIL OF BRAKPAN****CLOSING OF A PORTION OF PARKERF 143, ANZAC EXTENSION 1**

Notice is hereby given in terms of section 67 and 79 (18) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to permanently close a portion of Parkerf 143, Anzac Extension 1, and to alienate same.

'n Plan wat die erf aantoon en nadere besonderhede oor die voorgestelde sluiting en vervreemding lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die sluiting van die betrokke erfgedeelte en/of die vervreemding daarvan en/of 'n eis om vergoeding het indien die sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar en/of eis na gelang van die geval skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 18 Julie 1994.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Brakpan.

(Kennisgewing No. 34/1994-05-02)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1597

STADSRAAD VAN BRAKPAN

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PARKERF 900, DALPARK-UITBREIDING 1

Kennis geskied hiermee ingevolge artikels 67 en 79 (18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om 'n gedeelte van Parkerf 900, Dalpark-uitbreiding 1, permanent te sluit en te vervreem.

'n Plan wat die erf aantoon en nadere besonderhede oor die voorgestelde sluiting en vervreemding lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die sluiting van die betrokke erfgedeelte en/of die vervreemding daarvan en/of 'n eis om vergoeding het indien die sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar en/of eis na gelang van die geval skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 18 Julie 1994.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Brakpan.

(Kennisgewing No. 35/1994-05-02)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1598

STADSRAAD VAN BRAKPAN

VOORGENOME PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN BUCHUSTRAT, DALPARK-UITBREIDING 13

Kennis geskied hiermee ingevolge artikels 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat dit die voorneme van die Stadsraad van Brakpan is om 'n gedeelte van Buchustraat, Dalpark-uitbreiding 13, permanent te sluit.

'n Plan wat die straatgedeelte wat gesluit staan te word aantoon asook ander besonderhede oor die voorgename sluiting lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende gedurende gewone kantoorure.

Enige persoon wat 'n beswaar het teen die sluiting van die betrokke straatgedeelte en/of wat 'n eis om skadevergoeding het indien sodanige sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar en/of eis na gelang van die geval skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 18 Julie 1994.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Brakpan.

(Kennisgewing No. 36/1994-05-03)

A plan showing the erf concerned and further particulars on the closing and alienation lie open to inspection at the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any person who wishes to object to the closing of the erf portion concerned and to the alienation thereof and/or who should have a claim should the closing be carried out should lodge his claim and/or objection with the undersigned not later than 18 July 1994.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Civic Centre, Brakpan.

(Notice No. 34/1994-05-02)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1597

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

CLOSING OF A PORTION OF PARKERF 900, DALPARK EXTENSION 1

Notice is hereby given in terms of sections 67 and 79 (18) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to permanently close a portion of Parkerf 900, Dalpark Extension 1, and to alienate same.

A plan showing the erf concerned and further particulars on the closing and alienation lie open to inspection at the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any person who wishes to object to the closing of the erf portion concerned and to the alienation thereof and/or who should have a claim should the closing be carried out should lodge his claim and/or objection with the undersigned not later than 18 July 1994.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Civic Centre, Brakpan.

(Notice No. 35/1994-05-02)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1598

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF BUCHU STREET, DALPARK EXTENSION 13

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to permanently close a portion of Buchu Street, Dalpark Extension 13.

A plan showing the road portion concerned and further particulars concerning the closure lie open for inspection at the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any person who has an objection to the closing of the road concerned and/or who should have a claim for compensation should such closing be carried out should lodge his claim and/or objection, as the case may be, in writing with the undersigned not later than 18 July 1994.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Civic Centre, Brakpan.

(Notice No. 36/1994-05-03)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1599**STADSRAAD VAN BRAKPAN****WYSIGING VAN DIE TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN WATER**

Hiermee word ooreenkomstig artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Raad, by spesiale besluit, die Tarief van Gelde vir die Lewering van Water, afgekondig by Kennisgewing No. 96 van 1993 gedateer 4 Augustus 1993, met ingang van 1 Februarie 1994 soos volg verder gewysig het:

2.4 AANSLUITINGSGELDE:

2.4.1 Vir die heraanluiting van die toevoer na enige perseel nadat 'n vloeiverminderingsmeganisme geïnstalleer is weens wanbetaling van 'n rekening of versuim om aan enige toepaslike bepaling van die Raad se verordeninge te voldoen: R60,00.

2.4.2 Vir die heraanluiting van die toevoer na enige perseel nadat dit by die hoofpyp gestaak is as gevolg van peutering met die Raad se toerusting volgens die uitsluitelike mening van die Raad se Siviële Stadsingenieur: R150,00.

2.4.3 Vir die verskaffing en aanlê van verbindingspype: Teen werklike koste van vervoer, arbeid en materiaal, bereken asof die hoofwaterpyp op die hartlyn van die straat lê, plus 15%.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Brakpan.

(Kennisgewing No. 37/1994-05-03)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1600**DORPSRAAD VAN BREYTEN****VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VERHUUR EN GEBRUIK VAN DIE LAPA EN LAPATERREIN BY DIE MANIE LOUWDAM**

Ingevolge die bepalinge van artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Dorpsraad van Breyten gelde betaalbaar vir die verhuur en gebruik van die lapa en lapaterrein by die Manie Louwdam, Breyten, by spesiale besluit, met ingang van 1 Maart 1994 vasgestel het soos in die Bylae hierna uiteengesit:

BYLAE**TARIEF VAN GELDE**

	<i>Terugbetaalbare deposito</i>	<i>Huur per tydperk van 24 uur of gedeelte daarvan</i>
1. Vir alle aansoeke om die huur en gebruik van die lapa en lapaterrein, uitgesonderd vir die gebruik vir burgerlike geleenthede, vergaderings belê deur die burgemeester, funksies van die burgemeestersvrou, allerlei munisipale doeleindes, asook die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Munisipale Werknemers en die Munisipale Werkgewers-organisasie.....	R50	R30

F. H. SCHOLTZ,

Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Hoystraat; Privaatsak X1007, Breyten, 2330.

(Kennisgewing No. 20/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1599**TOWN COUNCIL OF BRAKPAN****AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF WATER**

Notice is hereby given in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brakpan has, by special resolution, further amended the Tariff of Charges for the Supply of Water, promulgated by Notice No. 96 of 1993 dated 4 August 1993, with effect from 1 February 1994 as follows:

2.4 CONNECTION CHARGES:

2.4.1 For the reconnection of the supply to any premises after a flow reducing mechanism has been installed due to the non-payment of an account or failing to comply to (with) any applicable regulation of the Council's by-laws: R60,00.

2.4.2 For the reconnection of the supply to any premises after it has been discontinued at the main pipe due to tampering with the Council's equipment according to the sole opinion of the Town Civil Engineer of the Council: R150,00.

2.4.3 For providing and laying connection pipes: At actual cost of transport, labour and materials, calculated as if the main runs along the centre of the street, plus 15%.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Civic Centre, Brakpan.

(Notice No. 37/1994-05-03)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1600**VILLAGE COUNCIL OF BREYTEN****DETERMINATION OF CHARGES FOR THE LETTING AND USE OF THE LAPA AND LAPA AREA AT THE MANIE LOUW DAM**

In terms of the provisions of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Village Council of Breyten has, by special resolution, determined charges for the letting and use of the lapa and lapa area at the Manie Louw Dam, Breyten, as set out in the undermentioned Schedule with effect from 1 March 1994:

SCHEDULE**TARIFF OF CHARGES**

	<i>Refundable deposit</i>	<i>Letting per period of 24 hours or part thereof</i>
1. For all applications for the letting and use of the lapa and lapa area, except for the use for civil occasions, meetings convened by the Mayor, functions of the Mayoress, miscellaneous Municipal purposes, including the South African Association of Municipal Employees and the Municipal Employers' Organisation.....	R50	R30

F. H. SCHOLTZ,

Town Clerk.

Municipal Offices, Hoy Street; Private Bag X1007, Breyten, 2330.

(Notice No. 20/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1601

DORPSRAAD VAN BREYTEN

**VERORDENINGE BETREFFENDE DIE LAPA EN LAPATERREIN
BY DIE MANIE LOUWDAM**

Die Stadsclerk van Breyten publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), die verordeninge hierna uiteengesit.

1. Woordomskrywing

In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“lapa” die lapa geleë op Parkerf 908, Breyten-uitbreiding 1, by die Manie Louwdam;

“lapaterrein” die omheinde gedeelte aangrensend aan Lawley-park en die suidelike oewer van die Manie Louwdam;

“opsigter” die persoon wat van tyd tot tyd deur die Raad aangestel word om beheer oor die lapa en lapaterrein uit te oefen;

“Raad” die Dorpsraad van Breyten, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beaampte aan wie dié Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het.

2. Aansoek om te huur

(1) Iemand wat die lapa en lapaterrein wil huur moet skriftelik by die Raad daarom aansoek doen en die aansoekvorm soos voorgeskryf invul en onderteken.

(2) Indien iemand die aansoekvorm namens 'n organisasie invul en onderteken, is sodanige persoon gesamentlik en afsonderlik met sodanige organisasie vir kriminele en siviele misdrywe aanspreeklik, asook vir die nakoming van hierdie verordeninge.

(3) Geen bespreking mag meer as ses maande vooruit sonder die goedkeuring van die Raad geskied nie.

3. Betaling van gelde

(1) Die gelde vir die huur van die lapa en lapaterrein is soos dit deur die Raad, by spesiale besluit, vasgestel word ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939).

(2) Die Raad kan ingevolge subartikel (1) verskillende tariewe hef vir verskillende funksies.

(3) Die vasgestelde gelde is vooruitbetaalbaar en sluit nie betaling ten opsigte van skoonmaak en die voorsiening van sitplekgeriewe in nie.

(4) Die lapa en lapaterrein word slegs gereserveer na voltooiing van die aansoekvorm deur die huurder en nadat die voorgeskrewe deposito en huurgeld, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, betaal is.

(5) Geen huurder sal die lapa en lapaterrein gebruik en geen sleutels sal aan hom oorhandig word alvorens alle gelde betaal is nie.

(6) Indien die huurgeld deur die Raad verhoog of verlaag word vanaf 'n datum wat die huurdatum voorafgaan, moet die tekort of oorbetalings dienoreenkomstig reggestel word.

4. Toepassing van tarief

Ingeval enige geskil of twyfel ontstaan aangaande die tarief wat van toepassing is op enige besondere soort byeenkoms waarvoor die lapa en lapaterrein gehuur word, is die beslissing van die Raad finaal.

5. Toelating van publiek

(1) Die huurder is verantwoordelik vir alle reëlings in verband met die toelating van die publiek, die verskaffing van plekaanwysers en sodanige ander personeel wat nodig mag wees om die toelating van die publiek te kontroleer.

(2) Die huurder is aanspreeklik vir die gedrag van enige persoon onder sy beheer.

(3) (a) Niemand word tot die gehuurde lapa en lapaterrein toegelaat nie of mag, nadat hy daarin toegelaat is, toegelaat word om daarin te vertoef nie indien hy in 'n beskonke toestand verkeer of hom op 'n onbetaamlike wyse gedra of onfatsoenlik gekleed is.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1601

VILLAGE COUNCIL OF BREYTEN

**BY-LAWS RELATING TO THE LAPA AND LAPA AREA AT THE
MANIE LOUW DAM**

The Town Clerk of Breyten hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereinafter.

1. Definitions

In these by-laws, unless the context otherwise indicates—

“caretaker” means the person appointed from time to time by the Council to control the use of the lapa and lapa area;

